
# SAHARA REEKS


# 1. Bloedspore in die Sahara



Sandbergh Beyers

# SAHARA WOESTYN REEKS

## 1. Bloedspore in die Sahara



SANDBERGH BEYERS

# BLOEDSPORE IN DIE SAHARA

*deur*

**SANDBERGH BEYERS**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

# Bloedspore in die Sahara

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1955's se uitgawe. Hierdie uitgawe is die tweede uitgawe in die reeks.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

BLOEDSPORE IN DIE SAHARA
deur Sandbergh Beyers

ISBN 978-1-928498-59-9

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)
Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

'n Bormoen Arabier stuur 'n boodskap aan Kolonel Ribrun van fort Dini Sadazi. Daarin versoek hy dat een van die ander Franse forte, genaamd Fort Ney dadelik ontruim moet word.

Kolonel Ribrun staan van sy manskappe af om Fort Ney te gaan versterk teen 'n moontlike aanval. Net toe die versterkingspatrollie die fort bereik, word hulle in die woestyn aangeval deur duisende Bormoen-ruiters. Hul mede soldate in die Franse fort word ook in dieselfde tyd aangeval en almal uitgemoor. Slegs dertig van die oorspronklike 120 man wat Fort Ney moes gaan versterk bly oor en word gevange geneem en na die Bormoen stad weggevoer, om daar gemartel en vermoor te word. Joos is een van die manskappe wat die aanval oorleef het en hy het 'n appeltjie te skil met die Bormoen leier, want hy het sy broer wat jare gelede sendingwerk daar gedoen het, laat vermoor.

In die stad van die Bormoen leier kry Joos en twee van sy vriende hulp van 'n onverwagte oord en slaag wonderbaarlik daarin om uit die stad te ontsnap. Voor hulle egter ontsnap, slaag hulle daarin om 'n groot gevaar uit die weg te ruim, maar hulle hoor ook van 'n nog groter gevaar wat voorlê. Hulle vreugde is egter van korte duur, want die Bormoen Arabiere volg hulle meedoënloos deur die woestyn. Met slim sette slaag Joos en sy twee mede-soldate daarin om uit die hande van die Bormoen te bly. Net toe redding binne hul bereik is, word hulle weer gevang en die keer lyk dit asof die einde finaal vir hulle aangebreek het. Die Bormoen het egter nie rekening gehou met Joos se vernuftige brein nie en omring deur duisende Arabier in die middel van die woestyn, kry die drie man iets ongelooflik reg wat moontlik net die verskil tussen lewe en dood kan beteken.

## UITTREKSEL

Die een oomblik swerm die Arabiere nog om die mure en die volgende oomblik swerm hulle soos rooimiere langs die toulere op. Hiervandaan kan hulle sien hoe dat ’n klompie soldate op die borswerings met die aanvallers worstel, met bajonet teen kromsabel. Meer en meer Arabiere bereik die borswerings.

Vaagweg, soos in ’n nagmerrie, hoor hulle die geskreeu hiervandaan en dan weet hulle dat ’n slagting daar aan die gang is. Hulle kan ook die massiewe stormram sien wat tussen twee rye perde hang. Voordat die stormram nog gebruik word, word die poort oopgegooi deur Bormoen wat reeds die fort binne gedring het. Hulle kan nou binnekant die fort sien. Hulle kan sien hoe dat klein groepies van hul kamerade wanhopig teen die vloed van die vyand worstel. Hulle sien die blitsende wapens binne die vesting en hulle sien die fladderende see van Arabiere die vesting binne stroom. Hulle draai weg toe hulle Monclaire hoor sê.

“Moenie kyk nie, mes soldate, dit is beter as ons nie sien nie en buitendien kan ons niks daaraan doen nie. Hulle bring ’n offer vir Frankryk.” Toe die Driekleur van die vlagpaal af gesny word, is daar geen geluid meer uit die fort hoorbaar nie.

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. Ultimatum aan die Kolonel

2. Helmars

3. Ruiters van die Hel

4. Die Paleis van Doeroek

5. El Dowla se Wraak

6. Spore Maak

7. Bloedgrond

8. Agtervolging en Vlug

9. Die Bormoen Leër

10. Duparne kom Terug

# 1. BLOEDSPORE IN DIE SAHARA

## Hoofstuk 1
## ULTIMATUM AAN DIE KOLONEL

Dini Sadazi? Dit is nou ’n plek wat deur die duiwel klaar gemaak is. Dit is nou nie juis ’n plek waarheen ’n mens uit jou eie wil gaan nie. Niemand gaan daar woon nie. Maar baie gaan daarheen om te sterf. Dit is net soos die plek is. Daar woon sowat 5 000 Arabiere en Dini Sadazi is op die landkaart net ’n vlieëkolletjie op die suidoostelike uithoek van die Sahara-woestyn. Daarby is dit die vooruitgeskowe hoofkwartier van die Derde Bataljon van die Tweede Regiment van die Franse Vreemdelegioen.

Bedags bak die son asof hy jou haat. Jy sweet totdat jy nie meer kan sweet nie en dan dwaal jy rond soos ’n ontwaterde aartappel. So is dit totdat dit aand word. Dan voel dit weer of jy kan verkluim, asof die helder maan uit die lug bo die Yssee skyn.

In hierdie verderf is dit net die vlieë wat jou liefhet. Hulle is so lief vir jou dat hulle jou aanhoudend probeer opvreet. Vroeër of later gee hierdie liefde van die vlieë jou ’n koors en dan lê hulle jou sewe voet diep onder die sand van die woestyn weg en die wêreld vergeet van jou.

Moet egter nie ontmoedig word nie. Hierdie Dini Sadazi kan ook ’n interessante en aksievolle plek wees.

En juis op hierdie oomblik is dinge aan die gebeur in hierdie ellendige dorpie.

Dit is nege-uur in die aand. Dit is die tyd wanneer dit smaak of die dag se sweet op jou rug aan die ys is. Die afgelope drie uur al moet die bataljon die kaserne hou. Die bevel het ewe skielik gekom. ’n Groep onderoffisiere het die soldate gaan bymekaar maak. Hulle het hulle uit kafees, uit die smal,

stinkende straatjies en uit die lawaaierige markte bymekaar gekom. Sedertdien is nie ’n enkel uniform van die Vreemde Legioen buite gesien nie.
Die Arabiere hou nie hiervan nie. Die ou wat daar by die mark sy arms staan en swaai asof hy ’n openbare vergadering toespreek, het byna ’n gooimes met ’n dun lem aan ’n Spaanse Legioen-soldaat verkoop, toe die bevel kom dat die soldate na die kaserne moet terug. En daardie meisie wat by die venster uithang, was net lekker aan die gesels met ’n Duitse soldaat, toe die bevel hul aangename samesyn onderbreek het. Alles het net lekker begin vlot loop.
Hierdie soort ding het nog nooit vantevore gebeur nie, altans nie so ver die meeste inwoners weet nie. Dini Sadazi is ’n stil plekkie. Die afgelope twintig jaar was daar nog nooit een maal ’n noodtoestand nie. Party meen dat die Legioen gaan maneuvers hou. Andere meen weer dat iemand in die kaserne doodgeslaan is. Die meeste plaaslike Arabiere het hul teorieë, maar nie een daarvan is reg nie, want hierdie ding wat vandag gebeur het, is baie erger as wat hulle hulle verbeel.
Die kolonel blaf.
“Bluf? Dit kan wees, maar ek mag nie die risiko loop nie. Fort Ney is baie swak beman. Daar is geen alternatief nie. Die garnisoen daar moet onmiddellik versterk word Dalk sal dit nie lank duur nie, maar ons moet versterkings stuur totdat ons weet wat hierdie ellendige El Dowla in die skild voer, as hy ooit iets in die skild voer.”
Kolonel Ribrun vee met sy hand oor sy kort, gryserige hare en dit is ’n gebaar van kommer en wanhoop. Dan vroetel hy weer met papiere op sy skryftafel. Hy is bekommerd, hy is onseker en hy is verward. Hy skaam hom meteens oor hierdie blyke van senuweeagtigheid, want ’n soldaat met sy status en sy ondervinding moet geen emosie voor ’n ondergeskikte

verraai nie. Hy behoort dit nie te doen nie, selfs nie in die geselskap van ’n senior kompanjie-offisier, soos kaptein Monclaire nie.

Hy kan sy gevoelens egter nie wegsteek nie. Hy is dankbaar dat Monclaire baie jare lank saam met hom soet en suur verduur het en dat hy vertrou kan word om nie te gaan stories maak nie.

Monclaire staan en kyk na die groot landkaart teen Ribrun se kantoormuur.

“Die fort is tagtig myl hiervandaan. Dit kan met ’n snelmars in twee dae bereik word,” sê Monclaire.

Eers lyk dit of Ribrun nie hoor nie. Hy sit en staar na die stukkie papier in sy hande. Die boodskap daarop is in Frans geskryf. Dit kom egter van ’n Bormoen Arabier. Dit is geskryf deur El Dowla self. Dit is kort en dit is beleef. Dit laat dit nog slegter lyk. Die nota wys daarop dat Fort Ney in Bormoen-gebied geleë is. In die nota maak El Dowla daarop aanspraak dat slegs een ooreenkoms gemaak is vir die besetting van Fort Ney deur Franse troepe en dit is ’n woordelikse ooreenkoms wat sy vader jare gelede met die Franse owerheid gemaak het. Nou dat sy vader egter oorlede is, erken hy wat El Dowla is, geen sodanige ooreenkoms meer nie.

Ribrun staar aanhoudend na die stukkie papier waarop die eenvoudige boodskap geskryf staan. El Dowla eis dat die fort onmiddellik ontruim moet word. Word dit nie gedoen nie, behou hy die reg om teen die garnisoen op te tree soos hy goeddink.

Die kolonel sit en wonder of een kompanjie voldoende sal wees om Fort Ney te gaan versterk. Dit sal die sterkte van die garnisoen op drie kompanjies te staan bring. Dit is nie juis baie vir ’n fort wat in die nood is nie. Hy sit en wonder of hy

met die streeksbevel in Algiers in verbinding moet tree. Dan hoor hy Monclaire se laaste woorde...

“Dit is die geval. Ons het Fort Ney in die verlede altyd binne twee dae bereik. Dit beteken dat ons in gevegsorde sal moet beweeg. Die manne kan geen swaar voorrade saam neem nie en ook geen swaar wapens nie. U weet wat dit beteken?”

“Dit beteken ’n groter aanslag op die voorrade van die fort,” sê Ribrun. “Meer kos en water sal nodig wees. Die ekstra manne sal nie lank daar kan bly nie tensy ons voorsiening kan maak vir ekstra voorrade vir die fort. Dit gaan baie moeilik wees om die lewensbehoeftes aan te vul, want ons het hier maar self nie veel nie.” Kaptein Monclaire knik. Hy meen dat die kolonel besig is om kleingelowig te word. Dalk is die kolonel aan oud word. Dalk is hy al te lank in hierdie versengende hitte van Dini Sadazi, met nie genoeg om te doen nie.

Die Arabiere dreig maar dikwels, maar hierdie El Dowla is anders as die meeste ander hoofmanne. Hy is ’n hoogs geleerde man. Hy het aan die Franse Sorbonne gestudeer en hy het baie sterk opvattings oor Arabiese onafhanklikheid. Die Franse het hom aan die Sorbonne probeer “sagmaak,” maar hul pogings het net die teenoorgestelde uitwerking op hom gehad.

El Dowla is wreed soos ’n duiwel en snaakse verhale is al oor hom vertel. Die meeste van hulle is egter seker nie waar nie.

Kolonel Ribrun staan op. Dit lyk of sy twyfel nou agter sy rug lê.

“Jy sal om tien minute voor middernag vertrek. As ons gelukkig is, sal dit beteken dat jy al ’n paar uur aan die gang sal wees, voordat ’n boodskap moontlik na El Dowla gestuur word. Dit is noodsaaklik dat hy so min as moontlik van ons

bewegings agterkom. Hierdie ultimatum verontagsaam ek sonder meer."

Hy reik kaptein Monclaire die hand. Die kaptein neem dit in syne en sê sagweg.

"Moenie u bekommer nie, mon colonel. As hierdie Bormoen hulle verspot wil hou, sal ons weet hoe om met hulle te werk."

Diep in sy binneste is die kolonel 'n sentimentele man. Hy kyk na Monclaire se blas, maer gesig. Daarmee kry hy 'n snaakse gevoel, 'n gevoel dat hy hierdie soldaat van Frankryk nie weer in die lewe sal sien nie. Dit veroorsaak 'n knop in sy keel en in hierdie oomblik wonder hy of hy nie al bietjie te oud geword het vir hierdie soort bestaan nie. Dalk was hy al te lank in hierdie verderflike plek.

Opeens sê hy.

"Adieu, mon ami... Wees versigtig. Frankryk kan nie sy beste soldate prysgee nie."

***

Joos Janse gooi sy swaar jas om sy skouers. Die meeste soldate van Kompanjie Een het al dieselfde gedoen, want terwyl hulle netnou nog in die hitte versmag het, voel dit nou alweer soos 'n winteraand op die Transvaalse Hoëveld. Hy loop na die kooi langsaan. Daar sit Neels Bredenkamp en Org Ochse. Neels sit en vertel van 'n boksgeveg wat hy een keer gehad het voordat die Tweede Wêreldoorlog hom na Noord-Afrika geneem het. Neels gesels die meeste van die tyd oor boksgevegte wat hy gehad het. Veral vertel hy graag hoe dat hy een keer drie rondes uitgehou het teen een van Suid-Afrika se beste swaargewigte.

Neels sê.

"Ek het gou uitgevind dat dit nie betaal om daardie duusman se regtervuis te probeer keer nie. Ek het uitgevind dat hy deur

jou hand slaan, as dit al is. En weet julle wat? Toe ek eers vir daardie regter padgee, toe kan hy my nie meer aanraak nie. Later het hy gesê dat ek my net so moeilik laat raak slaan as ’n skoenlapper.”

“Ek skat enige man is moeilik om raak te slaan as hy die hele tyd weghardloop,” breek Joos in.

Neels kyk vinnig op. Die lig van die olielamp weerkaats op sy verbasende blink pankop.

“As jy nie in my kraal was nie, het ek nou jou bakkies skeef gedruk,” sê Neels. Hy roer sy skouers om sy woorde te benadruk. Hulle is groot, hoekige skouers. Dit is die soort skouers wat ’n mens aan die skof van ’n groot os laat dink, want Neels is ’n groot man. Hy is groot soos ’n boom.

Neels is die soort man met wie ’n mens nie skoor soek nie, altans nie as jy jou bas nie beskadig wil hê nie.

Joos is egter nie ’n man wat hom veel aan sy eie bas steur nie. Hy het ’n soort van blinde dapperheid. Pleks dat hy tru staan, klap hy Neels hard op sy rug. Dit smaak of hy met sy hand op ’n groot vat slaan.

“Jy is sommer ’n grootbek,” sê Joos. “Die ou mense sê dat as ’n man eers pan geword het, die krag uit hom uit is.”

Neels maak sy keel skoon en staan stadig op en sy massiewe liggaam troon oor die res. Joos roer hom nie. Hy staan net waar hy staan. Hy het sy duime in sy lyfband gesteek en hy is so koel soos ’n komkommer. Hy weet al hoe om met hierdie reus te werk, veral as hy kwaad is.

Joos praat stadig.

“Hulle het my weer vertel daardie duusman waarvan jy praat, het met die linkerhand geslaan soos ’n muil skop. Wat het jy daarmee aangevang?”

Vir Neels is dit genoeg as ’n mens net die minste belangstelling in sy boksvermoë stel. Daarom verslap sy

groot liggaam. Hy voel nie meer lus om Joos met een opstopper plat te slaan nie. Hy wil veel eerder oor sy boksondervindinge gesels.

"Daardie is alles bog," sê Neels. "Natuurlik kon hy met die linker ook slaan, maar..."

Hierdie keer breek Org in. Org is die soldaat met die meeste ondervinding van die drie. Hy het sy een oog verloor in 'n skermutseling met die Rifi-stam. Dit laat hom die meeste van die tyd ongemaklik voel. Gelukkig is dit sy linkeroog sodat hy nog kan skiet en hy is een van die beste skutters in die hele Legioen. Nogtans laat dit 'n man ongemaklik voel as jy net een oog het.

Toe hy dus een keer in Algiers was, het hy vir hom 'n glas-oog gekoop. As hy nie so vol wyn was toe hy die oog gekoop het nie, sou hy bepaald beter gevaar het. Org se werklike oog is bruin. Maar die een wat hy gekoop het, is helderblou. Daarby pas hierdie glas-oog nie mooi nie. Dit het die gewoonte om uit te val en op hierdie einste oomblik het dit weer uitgeval.

"Ek wens julle vuilisse wil ophou babbel," sê Org. "Ek het dit verloor..."

Hulle weet wat dit beteken. Org verloor net altyd een ding en dit is sy oog en dit is 'n saak van eer dat hulle moet help soek.

Dit kan ook nie anders dat Org gedurig op soek is na sy glas-oog nie, want nie alleen is hy baie gek daarna nie, dit het hom ook ses maande se soldy gekos. En in Kompanjie Een is daar nie baie kalante wat iets besit wat hulle ses maande se soldy gekos het nie.

Hulle staan nog so gebukkend na die oog en soek op die harde klipvloer, toe sersant Duparne sy verskyning maak.

Nou, die meeste mense het al sersante teëgekom. Party van hulle is omgekrap. Maar die ergste wat ’n sersant in ’n gewone leërmag aanvang, kom nog nie naby die dinge wat sersante aanvang wat in die Legioen opgelei is nie. Duparne is een van die redes waarom moeders huil oor hul verlore seuns. Hy is nie besonder lank nie en nie besonder indrukwekkend nie, maar as ’n mens ’n stuk dinamiet genoem kan word, dan is hierdie Duparne ’n stuk dinamiet. Daar word oor hom gefluister. Daar word gesê dat hy uit die Franse leër gegooi is omdat hy so wreed was teenoor sy manskappe. Dit kan ’n mens wel glo as jy hierdie tiran van die parade-terrein en die slagveld al in aksie gesien het.
Op hierdie oomblik staan hy daar in die deur van die kaserne, stil en bedaard, soos ’n kwaadwillige skaduwee. Hy vat liggies aan sy swart snorbaardjie, wat altoos met die grootste sorg gekap word, sodat dit net ’n dun, woedende strepie is. Dit lyk of sy streng gelaatstrekke uit harde hout of uit marmer gekap is en dit lyk of sy gesig net so gevoelloos is asof dit uit klip gehou is. Hy hoef nie eens ’n bevel te gee nie. Dit is heeltemal onnodig. Net sy blote teenwoordigheid is genoeg om die 120 manskappe op aandag te bring asof ’n Veldmaarskalk van die Franse leër skielik hierdie kaserne binne gestap het.
Hy loop in die middel van die slaapsaal op en kyk na die kooie wat weerskante van hom langs die mure ingeryg staan. Sy klein, bitsige ogies spring rond asof hulle op veertjies sit. Hy gaan staan stil voor die kooi van manskap Kaproeski.
Kaproeski is ’n wit Rus. Toe hy nog baie klein was, het hy saam met sy ouers vir die Rewolusie gevlug. Hy kan sy geboorteland skaars onthou, maar hy is lief om daaroor na te dink. Op sy kombers lê ’n paar verbleikte portrette van sy geboortedorp naby Odessa. Duparne staan lank na daardie

portrette en staar. Die Rus roer hom nie en wyk nie terug nie. Hy staan net daar en kyk strak voor hom uit, sy groot liggaam gespanne en bewegingloos. Dit is die soort spanning wat aan 'n mens se senuwees knaag. Hierdie is 'n stilte wat nie kan voortduur nie. Iewers moet dit breek en dalk 'n ontploffing veroorsaak.

Die spanning word verbreek toe Duparne skielik sy skouers optrek en dan vinnig omswaai om verder in die slaapsaal af te loop.

Met die swaai van sy liggaam, swaai sy blou en wit militêre mantel wyd om sy liggaam. Die mantel swaai oor die kooi waar Kaproeski se portrette lê. Die portrette word van die kooi afgeruk en hulle val voor Duparne se voete. Hy kyk nie na hulle af nie, maar hy stap oor hulle. Op een na word hulle almal onder sy swaar stewels verkreukel en bevuil.

Kaproeski word eers bleek en dan weer wit in sy gesig. Hy kyk af na die verwoesting onder sy portrette. Sy onderlip begin spring asof 'n elektriese skok deur sy liggaam gaan. Hy beweeg vorentoe asof hy sy portrette wil optel. Op daardie selfde oomblik swaai Duparne om. Kaproeski is 'n goeie soldaat. Toe Duparne beweeg, verstyf die Rus weer en hy staan daar soos 'n koggelstok, so orent en so stil.

Duparne staar na die Rus met dieselfde dodelike konsentrasie as die van 'n geelkapel wat 'n padda betower.

"Jy het beweeg, manskap Kaproeski?"

Duparne se stem is so sag en so glad soos ou wyn. Partykeer kan sy stem so wees. Partykeer kan hy weer skreeu dat dit smaak 'n mens se oordromme skeur.

Kaproeski antwoord nie. Hy weet beter as om dit te doen. Wat hy ook al antwoord, reg of verkeerd, dit kan hom vyf dae onder die paksaal kos.

"Jy is glad te begaan oor daardie verspotte portrette. Jy is sag van onnodige herinneringe, mon ami. Maar ek hou jou fyn dop, manskap Kaproeski..."
Duparne stap na die einde van die slaapsaal. Vir 'n kort mannetjie maak hy lang treë. 'n Mens kan voel hoe dat die spanning verslap. Hulle voel dit almal. Almal voel dit, behalwe Kaproeski. Hy is van niks bewus nie, behalwe sy vernielde portrette en sy versengende haat vir hierdie sersant.
Duparne draai om en kyk na die twee, lang rye manskappe. Party het hul jasse aan. Andere is kaal bolyf, want hulle het nie hierdie besoek verwag nie.
Hierdie is 'n snaakse kaboedel. Hulle kom uit baie lande. Party is dapper, andere is nie so dapper nie. Hulle praat baie tale. Daar is 'n treffende uiteenlopendheid in hul liggaamsbou. Hulle het net een eienskap in gemeen en dit is dat die meeste van hulle vir iets gevlug het en in die Legioen kom skuiling soek het en hulle is almal so roekeloos en so hard soos staal.
Hierdie keer kom Duparne se stem soos die slag van 'n voorslag deur die stil lug.
"Parade oor vyftien minute!" skreeu hy byna. "In volle gevegsmondering! Attendez! Ons gaan na Fort Ney! Ons sal op snelmars beweeg, julle rotte! Ons sal drie uur mars en tien minute rus. Comprendezvous? Fort Ney is 'n heerlike vooruitsig, nie waar nie, julle gespuis?"
Dit is of die hitte deur hulle kom, al staan hulle hier en koud kry. Hulle weet wat dit beteken. Hulle weet wat 'n snelmars deur die Sahara beteken. Duparne sal hulle dryf soos slawe.
Die rede hiervoor? Hulle weet nie. Dalk is daar 'n goeie rede, dalk is daar geen rede nie. Hulle weet nie. Later sal hulle wel uitvind wat die rede is vir hierdie helmars na die fortjie wat

op die verste uithoek van Frankryk se gesagsterrein in Marokko geleë is.

Toe Duparne by die deur uit verdwyn het, staan hulle nog ’n rukkie woordeloos en stokstyf, asof hulle nie meer kan verslap nie. En dan, meteens, word die stilte verbreek en is dit soos die gedrag is by die Toring van Babel soos hulle aantrek, hul wapens in orde bring en hul waterflesse, hul kosbare waterflesse volmaak. Hierdie waterflesse is belangrik. Hulle hou die enigste water wat jy gaan drink totdat jy by jou bestemming aankom, tensy jy op pad ’n oase raakloop en dit is in hierdie deel van die woestyn baie onwaarskynlik.

Joos breek sy pak kaarte in ses kleiner pakkies op en in elkeen van sy ammunisiesakke steek hy ’n pakkie. Hulle pas mooi agter die patroonknippe in. Hy het hulle al vantevore so vervoer en niemand het uitgevind nie. Hy hoop niemand sal hulle hierdie keer daar vind nie, want dan sal die wêreld skeef draai vir hom.

Joos is nie van plan om iewers heen te gaan sonder sy speelkaarte nie. Vir hom is so iets onbehoorlik, net asof hy sonder broek in die openbaar beweeg.

“Ek het geraai waarom ons hier van Dini Sadazi af weggeneem word, maar ek het nie gedink dit is omdat ons weer na Fort Ney moet gaan nie. Magtag, ons het net ’n maand gelede van daardie nes af teruggekom!” kla Joos.

Neels brom en Org ook. Org het uiteindelik sy oog in hande gekry en is besig om dit weer in te druk. Hulle onthou hoe dit gegaan het toe hulle laaste in Fort Ney diens gedoen het. Hulle onthou die vernietigende dae van hitte en eensaamheid in hierdie, een van die laaste buiteposte van Frankryk. Hierdie buitepos staan op die grens van die Bormoen-gebied.

Dit is die ene gewerskaf en gewoel hier in die slaapsaal. Hulle rol hul komberse op. Hulle maak hul rugsakke gereed. Pakkies sigarette word in sakke weggebêre.

Goedjies van lank gelede word in gaatjies ingeprop omdat hulle sentimentele waarde het.

Dan begin hulle in groepies uitskuifel na die maanverligte paradeterrein.

Duparne wag reeds daar op hulle. Hy fluister byna die bevel en Kompanjie Een vorm gelid in drieë. Instinkmatig kom hulle agter wat hier aan die gang is. Hierdie is ’n geheime beweging. Bevele word sag gegee en daar is geen dril vooraf nie. Daaroor is hulle baie dankbaar.

Hulle wag nie lank voordat kaptein Monclaire sy verskyning maak nie. Hy kom vinnig van die offisiersmenasie af aangestap, met sy “skaduwee” die kort, gesette luitenant L’Ame op sy hakke.

Dan is daar weer ’n paar kort, sagte bevele, wat vreemd oorkom.

Die volgende oomblik marsjeer hulle, met hul gewere oor hul skouers gehang, uit in die nou straatjies van Dini Sadazi en ooswaarts die woestyn binne, in die rigting van Fort Ney.

Slegs hier en daar kyk nuuskierige Arabiere deur die vensters van hul pondokke. Hulle kan nie raai waarheen die kolonne nou op pad is nie.